

Woensdag 19 Junie

Skrifgedeelte: Markus 16:14-20

Fokusgedeelte: Markus 16:16

My doop bevestig God se belofte in die evangelie

Wat beteken my doop? Sommige mense, veral diegene buite die gereformeerde milieu wat die kinderdoop verwerp, handhaaf die siening dat jy eers tot geloof moet kom en jou daarna moet laat doop – juis in hierdie volgorde. So bewys jy, volgens hulle, dat jy jou bekeer het. Hulle gebruik graag Markus 16:16 om hulle siening te probeer bevestig.

Indien 'n mens nie die konteks in Markus 16 in gedagte hou nie, kan jy moontlik tot so 'n gevolgtrekking kom. Die konteks wat mens hier in die oog moet hou, is die Here Jesus se groot opdrag aan sy apostels. In vers 15 sê Hy: *“Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.”* Die mense aan wie die evangelie verkondig is, was in die eerste plek volwassenes wat dit juis vir die eerste keer gehoor het.

Ons doop, in lyn met ons gereformeerde belydenis, ook volwassenes wat vir die eerste keer die evangelie hoor en tot geloof kom. Die verskil ontstaan by die siening oor die betekenis van die doop. Die doop is duidelik 'n opdrag van die Here self. Daarom gaan dit bepaald oor wat Hy met die doop wil sê. In Handeling 2 sê die apostel Petrus aan die mense wat na sy preek geluister het: *“Bekeer julle en laat elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes gedoop word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Want DIE BELOFTE geld vir julle en julle kinders ...”* (Hand. 2:38, 39 – Direkte Vertaling). Die doop gaan oor God se belofte en nie oor iets wat die mens doen nie!

Wat beteken my doop? God belowe aan ons elkeen wat gedoop word (ook babas van gelowige ouers binne die verbond) die gawe van geloof en 'n nuwe lewe in Christus onder leiding van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 89-1:2

Dr. DJ de Kock (Danie) (Krokodilrivier)